ALGEMENE STEUNSPAN VIR PREDIKANTEBEGELEIDING (ASP)

STANDPLAASVERWISSELING

1.1 Motivering en Doelstelling

1.2 Waardes

1.3 Prosesvoorstel

1.1 Motivering en Doelstelling

Dit is ‘n alombekende feit dat die NG Kerk se huidige beroepstelsel om ‘n verskeidenheid van redes tot ‘n groot mate stagneer het en dat gesonde wisseling van leraars feitlik tot stilstand gekom het.

Die statistiek wys dat ‘n groot persentasie van leraars tans baie lank in ‘n spesifieke gemeente is, 15 - 20 jaar en selfs langer. Opsigself hoef dit nie ‘n probleem te wees nie. Soms kweek ‘n lang verbintenis die ruimte en atmosfeer wat nodig is vir gesonde verhoudinge en die uitbreiding van die koninkryk van die Here. Aan die anderkant is dit ook waar dat in so ‘n lang verbintenis die dominee en gemeente so gewoond raak aan mekaar se dink en doen, dat hulle in ’n gemaksone beland wat tot instandhouding en stagnasie kan lei. (Ons ken almal die spreekwoord wat sê dat tussen ‘n groef en ‘n graf dit net die diepte is wat verskil!)

Die lewe en wêreld van die dag waarin ons, ons bevind, leer ons dat verandering nuwe energie en groei na vore laat kom. Om relevant te wees vir die koninkryk van God in ons verskillende kontekste en om Sy dissipels te wees, het dominee en gemeente hierdie energie nodig.

Standplaasverwisseling kan die instrument en die geleentheid wees wat hierdie verandering kan fasiliteer en die energie laat loskom.

Standplaasverwisseling behels dat twee dominees van verskillende gemeentes met instemming van hulleself en die gemeentes waar hulle tans in die bediening is, ooreenkom om op gelyke basis standplaas te ruil. Dit is natuurlik net moontlik as al die betrokke partye in afhanklikheid van die Here , biddend en met ‘n ontvanklike gesindheid en oop gesprek die proses aanpak. Gemeentes en dominees wat reeds uit ervaring praat getuig daarvan dat hulle standplaasverwisseling as ‘n diep geestelike proses beleef het.

1.2 Waardes en Werkswyse

- Standplaasverwisseling is ‘n geloofonderskeidende reis en vind plaas met inag- neming van die roeping van die leraar en die werking van die Heilige Gees in sy/haar lewe. Roeping, asook die soeke na God se wil hierin, word geensins negeer nie.
- Standplaasverwisseling word gesien as een van die maniere waarop die Here leraars na gemeentes kan beroep. Dit dien as ‘n uitbreiding van die bestaande beroepstelsels en nie as ‘n vervanging daarvan nie.
- Standplaasverwisseling is ’n sistemiese aktiwiteit en behoort inherent deel van die werkswyse van die NGK te wees. As domino effek behoort dit te lei tot groter mobiliteit binne die sisteem.
- Standplaasverwisseling, as intensionele sisteem van mobiliteit, moet bydra tot maksimale persoonlike en geestelike groei van die predikant asook bedienings- / roepingsvernuwing van die predikant en die gemeente.
- Die welwese van die predikante en hul gesinne en die gemeentes word te alle tye gedien en eerbiedig
- Holisties gesproke is standplaasverwisseling ingebed in die Bedieningsvernuwings model. Dit moet uitgebou en implementeer word as normale en aanvaarbare opsie in die NG Kerk.

- Standplaasverwisseling geskied as gevolg van bona fide-redes. Roeping, bedieningsvernuwing (leraar en/of gemeente) en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide-redes vir standplaasverwisseling.
- Persoonlike inligting word vertroulik hanteer.
- Standplaasverwisseling vind plaas met inagneming van en onderhewig aan die kerkordelike-bepalings en arbeidswette.
- Standplaasverwisseling word nie afgedwing deur die kerkverband (ringe of sinodes) nie, maar skep ‘n geleentheid vir die partye tot verandering en vernuwing.
- Die term "standplaasverwisseling” fokus nie net op bilaterale skuiwe nie, maar kan ook multilaterale verwisseling tot gevolg hê. Koördinering en sinchronisering hiervan is noodsaaklik.
- Dit mag nie plaasvind as gevolg van patologie by 'n gemeente of predikant nie of om dreigende tughandelinge en arbeidsregtelike aspekte te ontduik nie.
- Standplaasverwisseling word by wyse van wedersydse ooreenkoms tussen die leraar en die gemeente gereël.
- Dit is ’n oop en deursigtige proses waaraan al die betrokke partye deelneem
- Die kerkverband behoort ‘n sentrale en fasiliterende rol te speel in die verhoging van predikante se mobiliteit.
- Die proses van standplaasverwisseling behoort gewaarborg te word deur ooreenkomste van die partye betrokke.

1.3 Prosesvoorstel

Die hele proses van standplaasverwisseling kom al vir baie jare saam met die Kerk. Die A-Z vir Predikantebegeleiding spreek die saak ook in diepte aan. Tog vind ons dat standplaasverwisseling eerder sporadies plaasvind as wat dit die reël is. Die Kerk het in die verlede verskillende besluite hieroor geneem waarvan die volgende twee van die belangrikste was.

- Die Algemene Sinode besluit in 1994 dat “n Kommissie aangestel moet word met ‘n verteenwoordiger per Sinode om die proses te inisieer, onderhandel en te finaliseer (onder voorsitterskap van die voorsitter van AKPB)”
- Die Algemene Sinode in 2002 besluit verder dat die sisteem uitgebrei moet word en dat met elke leraar ’n “7-jaar” gesprek gevoer moet word.

Die Algemene Sinode in 2013 besluit dat die proses nuwe momentum moet kry en dat daar met elke leraar wat 10 jaar en langer in ’n gemeente is ’n bedieningsvreugde gesprek gevoer moet word en dat Predikantebegeleiding ’n proses moet uitwerk en implementeer.

Predikantebegeleiding het ‘n proses uitgewerk en aan die ASP voorgelê wat dit goedgekeur het en dit nou na die ASM bring vir goedkeuring en ondersteuning sodat die proses (soos deur die Alg Sin 2013 versoek) versneld geïmplementeer kan word in 2015.

Proses vir 2014/2015

- Die proses moet bekendgestel word dmv ‘n reeks artikels in die Kerkbode, Kruisgewys en met skrywes aan Sinodale en Ringsstrukture. Dit is belangrik om te kommunikeer dat dit ‘n veilige en verhoudingsgedrewe proses is wat met omsigtigheid en vertroulik hanteer word. (2014 - 2015).
- ‘n Sinodale verteenwoordiger per Sinode word aangestel.(Nov 2014)
- Sinodale verteenwoordigers word opgelei gedurende Nov 2014 tov die proses. (Vergader saam met ASP op12 November 2014)
- Kerkrade en Ringe het met elke leraar wat al langer as 10 jaar in ‘n gemeente is ‘n bedieningsvreugde gesprek. (Jan - Mrt 2015)

- Kerkrade en Ringe het met elke leraar wat langer as 15 jaar in ‘n gemeente is ‘n gesprek oor die moontlikheid van ‘n skuif met fokus veral op redes hoekom hy/sy nie in aanmerking behoort te kom vir so ‘n moontlike skuif nie. (Feb – Mrt 2015)
- Sinodale verteenwoordigers begelei Kerkrade en Ringe deurlopend hierin.
- Ringe, Kerkrade en leraars gee name deur vir moontlike skuiwe aan Sinodale verteenwoordiger. Sinodale verteenwoordigers/begeleiers sou ook self leraars kon nomineer. Alle nominasies word in samewerking en met toestemming van die genomineerde gedoen. (Apr 2015)
- Sinodale verteenwoordigers tree hierna met Ringe, Kerkrade en leraars (wat genomineer is) in gesprek oor hul beskikbaarheid en die proses vir standplaasverwisseling. (Apr-Mei 2015)
- ‘n Naamlys per Sinode word saamgestel en moontlike verwisseling gefasiliteer deur Sinodale verteenwoordiger. (Jun 2015)
- Naamlyste van onderskeie Sinodale gebiede word ook onderling versprei tussen Sinodale verteenwoordigers om oorgrens skuiwe moontlik te maak. (Jul 2015)
- Passings word gedoen en die proses tussen leraars en gemeentes word gefasiliteer deur Sinodale verteenwoordigers (geloofsonderskeidend). (Jul-Nov 2015)
- Beroepings vind daarna plaas volgens kerkordelike prosesse.
- Volledige proses (10 en 15 jaar gesprekke) moet hierna elke 3 jaar herhaal word terwyl res van die proses nav normale aanmeldings jaarliks hanteer word.
- Sinodale verteenwoordigers kom een maal per jaar byeen vir opleiding, evalueer van prosesse en om moontlike “oorgrens” skuiwe te fasaliteer (Jul - jaarliks).

Marius Cornelissen
Voorsitter ASP